# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

**13 September 2026**



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




## Baie welkom by vanoggend se erediens
## Dit is lekker om jou en jou gesin hier te hê.

Kuier jy vandag by Hoogland of sluit jy as nuwe lidmaat aan?
Kom maak gerus kennis by die info@PEHoogland-tafel in die voor-portaal en kry gerus ná die erediens 'n koppie koffie.
Die leraar(s) wil jou graag ontmoet.

**Vir meer inligting:**

Besoek asb die *webblad* www.pehoogland.co.za → Ek wil → Lidmaat word, stuur 'n *WhatsApp* na 079 815 9325, neem 'n "Nuwe Intrekkers"-koevert uit die brosjurevakkies of kontak Annalize by die kerkkantoor.

# Program van die dag

**09:00** Oggenddiens : Ds Pieter Nel
**10:00** GVG in onderskeie lokale
**16:30** Buffelsfonteindiens : Ds Pieter Nel

*Deurkollekte: Sin. Hulp aan Gemeentes*

# Algemeen

## Program vir die week:

**Dinsdag: 15 September**
11:00 Gebedsaksie in die Kapel
18:30 Kerkraadsvergadering
**Woensdag: 16 September**
08:45 B/fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie
18:30 Wyn op Woensdae
**Vrydag: 18 September**
05:15 Mannebyeenkoms
**Saterdag: 19 September**
09:00 Gebedsfunksie

## Dankoffers

Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper

Gebedsversoeke kan enige tyd baie vertroulik gestuur word na Hoogland se *WhatsApp*-nommer: 079 815 9325. Daar is altyd iemand wat saam met jou sal intree in gebed.

## ONTHOU ASSEBLIEF :

- **WOW - Wyn op Woensdag, 16 September om 18:30**
  Reekstema : KOMMUNIKASIE
- **Gebedseminaar op 19 September saam met Stephan Joubert & Betsie Joubert.** Daar is nog kaartjies beskikbaar - kontak Caroline (061 451 1402) of vir Annalize in die kerkkantoor.
- **Hoogland Gholfdag - 24 September:** Gholfers is jou 4-bal al ingeskryf? Ons is nog opsoek na borge vir die bowwe en pryse. Gesels gerus met Richard Moore.
- **Huwelikskursus begin Woensdag, 7 Oktober:** verpligtend vir alle verliefdes & verloofdes.
- **Doopkursus begin Donderdag, 8 Oktober**: verpligtend vir alle ouers & voornemende ouers wat vir die eerste keer by Hoogland wil doop.

Stuur gerus 'n *WhatsApp* boodskap na 079 815 9325 as jy vir enige van die bogenoemde geleenthede wil aanmeld / inskryf.




## MTR Smit Kinderoord

MTR Smit Kinderoord gaan tans deur 'n moeilike tyd en daar is 'n groot behoefte aan kos én finansiële ondersteuning.

Hoogland is betrokke by Huis 8, waar daar tans 7 meisies is wat kan huis toe gaan die vakansie. Hoogland wil baie graag kyk om 7 vakansiepakkies vir hierdie meisies vol te maak om seker te maak hulle kan huis toe gaan. Elke pakkie benodig:
1 × macaroni / 1 × spaghetti
1 kg meel / 1 kg mieliemeel
2 × pakkies gis
1 × grondboontjiebotter / 1 × konfyt
2 ℓ melk
1 kg suiker
1 x blikkie *bully beef* / 3 × blikkies *baked beans* / 2 × blikkies sardientjies
6 eiers
750 ml kookolie
1 kg rys
2 × pakkies soya mince
5 × pakkies soppoeier
2 × brode
1 × sakkie uie / 8 aartappels / 8 wortels

Kies sommer 2/3 items van die lys en kom gee dit af by die kerkkantoor of bring Sondag saam na die Erediens. Merk dit asseblief duidelik MTR SMIT – HUIS 8.

#geloofdeurliefdetotdade

## Uit die hart...

*"Clear is kind. Unclear is unkind."* — Brené Brown

Ons dink dikwels aan kommunikasie as iets wat ons doen om inligting oor te dra, reëlings te tref of sake afgehandel te kry. Maar kommunikasie is baie meer as dit. Dit is die manier waarop ons verhoudings vorm, nabyheid beleef, vertroue opbou en aan ander mense wys wie ons is.

Ons geloof gee aan hierdie gedagte 'n besondere diepte. Die Bybel vertel van God wat Homself aan mense bekend maak. Hy het nie van 'n afstand af bloot inligting oor Homself gestuur nie. Hy het deur die wet en profete (Ou Testament) gepraat en uiteindelik in Jesus Christus self na ons toe gekom. Johannes noem Jesus die Woord wat mens geword het en onder ons kom woon het (Johannes 1:14). In Hom sien ons wie God is en hoe ver sy liefde strek.

God het nie net met ons gepraat om ons meer van Hom te leer nie. Hy het na ons toe gekom om die verhouding wat deur sonde gebreek is, te herstel. In Christus wys Hy vir ons sy genade en waarheid en vorm Hy ons (deur Sy Woord en Gees) om ook met ander mense soos Christus te leef.

Daarom is ons woorde nie klein dingetjies nie. Woorde bou wêrelde. 'n Kind wat hoor dat iemand in hom glo, begin anders na hom-/ haarsself kyk. 'n Kollega wat waardering ontvang, kry nuwe moed. 'n Mens wat deur 'n moeilike tyd gaan, kan deur een opregte gesprek weer die moed kry om aan te gaan.

Efesiërs 4:29 herinner ons dat ons woorde goed moet wees vir die nodige opbou, sodat dit tot voordeel kan wees van dié wat dit hoor.

Sondag gaan ons saam nadink oor "Tussen ons woorde" en oor wat Jakobus ons leer van luister, praat en reageer. Gebruik hierdie week jou gesprekke doelbewus. Spreek waardering uit, moedig iemand aan en maak tyd vir 'n gesprek wat lankal nodig is.

Watter soort wêreld help jou woorde vandag bou?

Groete: Pieter